

BOEKRESENSIES

F.E. Deist en W.S. Vorster (redakteurs), *Woorde wat ver kom, Die literatuur van die Ou Testament, Deel I*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1986, 227 pp. Prys R29,95.

Die boek bied 'n benadering tot die lees en verstaan van die Ou Testament vanuit die insigte wat die kommunikasiekunde bied. Lees en verstaan het te maak met kommunikasie sê die skrywers in die voorwoord. Om te verstaan moet die leser die tekskodes waarin die skrywer sy boodskap aanbied, kan ontsyfer. Die boek wil 'n hulp wees by die ontsyfering van die boodskap van 'n teks om lesers sodoende die Ou Testament met meer begrip te laat lees.

Prof. H.L. Bosman is verantwoordelik vir die inleidende hoofstuk van die boek. 'n Kursoriese oorsig word gegee oor die ontstaan van die kánon van die Ou Testament gevolg deur 'n gedeelte oor die verstaan van die Ou Testament.

Die verskil tussen voorwetenskaplike en wetenskaplike verstaan word aangedui en 'n historiese oorsig oor die verstaan van die Ou Testament word gegee. Die verskuiwing van die fokus van aandag vanaf die skrywer na die teks na die leser van die teks word ook aangedui.

Hoofstuk 2 — geskryf deur prof. F.E. Deist — vorm 'n belangrike hoofstuk van die boek. Uitgangspunte wat in die res van die boek gevolg word, word hier uiteengesit. In 'n kommunikasieproses is daar minstens 'n sender (skrywer), 'n medium (letters), 'n kode (taal), 'n boodskap, 'n ontvanger (leser) en 'n konteks (agtergrond) betrokke. In die boek word daar gekonsentreer op die senders, die kodes en ontvangers van boodskappe. Wat die skrywers (senders) betref, word daarop gewys dat skrywers skryf vanuit 'n bepaalde hoek (perspektief). Verskillende perspektiewe van waaruit 'n skrywer (sender) kan skryf, word aangetoon. Wat die taal (kode) betref, word daar onderskeid gemaak tussen taalorganisasie en taalfunksie. Taalorganisasie behels die ordening van woorde in 'n sin en taalfunksie het te doen met die funksie van geordende taaluitinge in bepaalde kontekste. Nie alleen die fonologiese, morfologiese, sintaktiese, stilistiese en retoriese verskynsels in taal help om te verstaan wat gekommunikeer word nie, konteks is ook mede-bepalend vir verstaan. Wat die gehoor of lesers (ontvangers van 'n boodskap) betref word daarop gewys dat die leser ook 'n kreatiewe inset lewer by die verstaan van 'n teks. Meer aandag kon aan hierdie aspek gegee word veral omdat die verband tussen teks en leser by die Ou Testament 'n relatiewe nuwe veld van ondersoek is. Die hoofstuk word afgesluit met twee ekskursies waarin enersyds voorbeelde gegee word van teksresepsie deur die eeue en andersyds enkele probleme by die lees en verstaan van die Ou Testament aangestip word.

Prof. J.J. Burden behandel in die derde hoofstuk *poëtiese tekste*. Na 'n algemene inleiding word die kodes van die Ou-Testamentiese poësie behandel waarin die digterlike woord (alliterasie, assonansie ens.), digterlike beeld (vergelyking, hiperbool, litotes, ens.), poëtiese ritme en parallelismes ter sprake gebring word. Waar teksorganisasie behandel word, word aangesluit by Westermann se onderskeid tussen klag en lof van die enkeling en van die volk. Riglyne vir die onderskeid tussen prosa en poësie word ook gegee. Onder die hofie teksorganisasie en -funksie word aangedui dat 'n digter poësie kan gebruik om onder andere te vertel, te argumenteer, te beskryf, te lys ensovoorts. In die laaste afdeling van die hoofstuk word daar op die kultuurkonteks, kultiese konteks en hedendaagse konteks as aspekte wat van belang is by die resepsie van Ou-Testamentiese poësie gewys. Die waarde van die hoofstuk word hier en daar gekortwiek deur onduidelikhede. Byvoorbeeld: sonder dat die leser weet wat tipies is aan 'n klaaglied (dit word eers op p. 55 par. 32 gegee) word Psalm 137 op pagina 52, paragraaf 26 aangehaal as "een van die treffendste voorbeelde waarin die volk se situasie en ervaringe in die ballingskap in 'n klaaglied verwoord word". In paragraaf 20 (p. 49) word herhaling die waarmerk van Bybelse poësie genoem. In paragraaf 21 word gesê parallelisme is 'n besondere soort herhaling en dié kenmerk van die

Hebreeuse poësie. Die vraag is nou: word herhaling en parallelisme gebruik as sinonieme, indien nie, watter een van dié twee is nou die waarmerk of kenmerk van Bybelse (en/of Hebreeuse?) poësie? Laastens, word die belangrikheid van die konteks van die Ou-Testamentiese poësie (pp. 64–68, par. 49–55) nie gerelativeer deur die “tydloosheid” (universele menslike belewenisse p. 39, par. 4) van poësie nie?

Waar hoofstuk 3 poëtiese tekste behandel, word daar in hoofstuk 4 *verteltekste* behandel met prof. Deist as outeur. Die term verteltekste word verkies bo prosa omdat tekste wat verhale vertel die mees algemene in die Ou Testament is. Die hoofstuk word in drie afdelings verdeel: In die eerste afdeling word daar gewys op die onderskeid wat gemaak word tussen die skrywer en die verteller van die verhaal. In die tweede afdeling word verteltegnieke van Ou-Testamentiese vertellers bespreek. Interessante gegewens word gegee oor die verhouding wat daar bestaan tussen die wêreld van die teks en die werklike wêreld asook die rekonstruksie van feite uit fiksie. Die tegniek van herhaling word aangedui as een van die prominente vorme van Ou-Testamentiese vertellings. Gesigshoek (van die verteller en die leser onderskeidelik), karaktertekening (ronde en plat karakters onderskeidelik) en intrigebou (spanning tussen die karakters en wêreld van die verhaal) as verteltegniek in Ou-Testamentiese vertelling word ook behandel. Die hoofstuk word afgesluit met ’n afdeling oor die ontvangs van Ou-Testamentiese vertellings wat die werklikheid vir die hoorders wil ontsluit of toeganklik maak.

In die res van die boek (hoofstukke 5–8) word dit wat in die eerste paar hoofstukke (1–4) uiteengesit is, toegepas op verskillende soorte tekste wat in die Ou Testament aangetref word.

Prof. J.A. Loader behandel in hoofstuk 5 *tekste met ’n wysheidsperspektief*. In die eerste afdeling word die skrywer en sy wysheidsperspektief bekendgestel. Die wyse in die Oud-Oosterse samelewing wou samehang in die wêreld met sy baie verskillende situasies aantoon. Omdat die wysheidsleraar aanvaar dat God die instandhouer van die skeppingsorde is, is alle wysheid in wese religieus van aard. In die tweede afdeling word die teks en sy kodes behandel. Verskillende stylfigure wat in wysheidspoësie aangetref word, word aangedui. Wat teksorganisasie en -funksie betref word aangetoon dat daar in wysheidsliteratuur geargumenteer, beskryf, vertel en gelys word. In die derde afdeling waar die gehoor, konteks en ontvangs van ’n teks behandel word, word kortliks aandag gegee aan die verskynsel dat ’n teks later anders kan kommunikeer as wat die oorspronklike outeur dit bedoel het, die belangrikheid van die lewenskoteks van wysheidsliteratuur en die ontwikkeling van die Israelitiese wysheid.

In hoofstuk 6 is prof. J.H. le Roux verantwoordelik vir die behandeling van *tekste met ’n profetiese perspektief*. In die eerste afdeling behandel prof. le Roux kortliks die agtergrond vir en ontstaan van profesie, tydperke van die profetiese werksaamheid en die verdwyning van profesie. Vervolgens word die profetiese perspektief behandel vanuit die verlede (heilsgeskiedenis), hede (profetiese kritiek) en toekoms (eskatologie, die dag van die Here). In die derde afdeling van die hoofstuk word daarop gewys dat profetiese tekste georganiseer kan word as lyste, argumente, beskrywings en as vertellings. Profete het ook gebruik gemaak van verskillende geïkoneerde vorme (Gattungen) om hulle boodskap mee tuis te bring. Hierdie afdeling van die hoofstuk sou kon baat met ’n verwysing na die gebruik van poësie as die kode waarin die boodskap by voorkeur gegiet is deur die profete. In die laaste afdeling van die hoofstuk word die gehoor en sy konteks behandel waarin aangetoon word hoedat nuwe situasies nuwe interpretasies van profeteboeke tot gevolg gehad het. ’n Winspunt van die hoofstuk is dat aangetoon word dat die profetiese literatuur in die Ou Testament veel meer omvat as voorspellings van die koms van die Messias.

Hoofstuk 7 bevat ’n bespreking van *tekste met ’n apokaliptiese perspektief* aan die hand van prof. W.S. Vorster. Nadat ’n opklaring van begrippe gegee is, word aangedui dat die simboliese verstaanraamwerk waarbinne apokaliptiese tekste ontstaan en gelees moet

word, 'n apokaliptiese-eskatologiese perspektief is. 'n Kursoriese oorsig oor die ontstaan van 'n apokaliptiese perspektief in die Ou-Testamentiese tyd word ook gegee. In die tweede afdeling word die skrywer (pseudonimie), teks (openbaringskarakter van apokaliptiese tekste) en konteks (apokaliptiese eskatologie) bespreek. Wat die vorm van apokaliptiese tekste betref, sluit apokaliptiese skrywers hulle aan by die tekskonvensies van hulle tyd: visioene, epifanieë en gesprekke met bonatuurlike wesens is tipies van hierdie soort teks. Apokaliptiese tekste vertel normaalweg, maar kan ook beskryf, uittêl, argumenteer en lys. Alhoewel apokaliptiese tekste gewoonlik in prosavorm geskryf is, word poëtiese apokaliptiese tekste ook gevind. In die laaste afdeling van die hoofstuk word, naas ander funksies, oorreding aangedui as die vernaamste funksie van apokaliptiese tekste.

Die boek word afgesluit met 'n hoofstuk oor *tekste met 'n regsiperspektief* deur prof. F.E. Deist. Daar word onderskei tussen 'n onpersoonlike en persoonlike regsiperspektief. Vervolgens word daar 'n sosiaal-historiese beskouing gegee van die regsiperspektiewe van die Ou Testament. Verskillende maniere waarop tekste met 'n regsiperspektief georganiseer word, word gegee. Die funksie van regstekste word aangedui as informatief, legitimerend, kritiserend, oorredend of argumentatief.

Ten slotte, 'n paar algemene opmerkings. Die boek lees maklik, is ryk aan diagramme en skematiese voorstellings, kort kernagtige samevattinge van paragrawe word in die kantlyn gegee wat ook ruimte laat vir eie aantekeninge, paragrawe is genommer en baie voorbeelde word gegee ter illustrasie van wat verduidelik is. Trouens, die vraag is of die voorbeelde nie té veel en té omvangryk is nie. Is dit byvoorbeeld nodig om Daniël 7:1—27 volledig aan te haal ter illustrasie van simboliese taalgebruik in apokaliptiese tekste?

Alhoewel die outeurs herhaling wou vermy is die herhaling van reeds behandelde stof hinderlik en eintlik onnodig — vergelyk veral hoofstuk 3, paragraaf 8—11, pagina 41—45 met hoofstuk 5, paragraaf 14—40, pagina 107—114. Hier sou 'n sinkronisasie van gegewens gemaak kon word.

Die boek is tegnies goed versorg en byna geen drukfoute kom voor nie. Op pagina 4, paragraaf 122, moet 587 in plaas van 557 waarskynlik gelees word en op pagina 169, paragraaf 22, moet Sagaria 9—14 in plaas van 7—14 waarskynlik gelees word. Chiasmes word reeds vanaf paragraaf 21 in hoofstuk behandel en nie vanaf paragraaf 22 nie (vgl. die opmerking op pagina 51, par. 22).

Die boek is voorsien van 'n lys van afkortings van Bybelboeke, 'n uitvoerige literatuurlys, 'n teks en -saakregister. In die teks en -saakregister word daar slegs na die betrokke hoofstuk en paragraaf in die hoofstuk verwys (bv. Eks. 15:1—18, 3:35,41). Om op hierdie manier te verwys is 'n ernstige belemmering vir die doeltreffende opsoek van 'n bepaalde teks of saak aangesien daar eers na die inhoudsopgawe geblaai moet word om te sien watter bladsye 'n bepaalde hoofstuk in die boek beslaan.

Wie dié boek lees, kom vir die soveelste keer onder die indruk dat die Ou Testament 'n veelkantige boek is wat gelees moet word met inagneming van sy veelkantigheid. Wie die Ou Testament lees asof alles maar op een vlak funksioneer, verskraal die Ou Testament.

Mag die boek sy weg vind na die lessenaars van predikante, teologiese studente en belangstellende lidmate en so die wens van die outeurs vervul dat met behulp van die insigté wat in die boek gebied word, die lees van die Ou Testament 'n nuwe leeservaring sal bring.

S.D. Snyman

C. Westermann, *Erträge der Forschung am Alten Testament. Gesammelte Studien III*, Theologische Bücherei 73, Chr Kaiser Verlag, München 1984, 228 pp.

Met hierdie deel van Westermann se oes op sy jarelange arbeid in die Ou Testament toon

hy dat die man wat saai, ook oes volgens wat hy gesaai het. Maar hy wys ook hoe belangrik die Ou Testament is vir die hele lewe van elke mens en ook vir die hele Teologie. Elkeen van die sewentien bydraes het 'n belang vir die prediking, maar ook "für die Gegenwart" as sodanig. Hier kan veral verwys word na "Kain und Abel, die biblische Erzählung" (pp. 39—53), "Die Landverheisung im Alten Testament und ihre Bedeutung für die Gegenwart" (pp. 88—95) en "Die Bibel korrigiert ihre Ausleger. Von verantwortlichen Umgang mit der Schrift" (pp. 198.202). Wie belangstel in die verbond, en dit geld veral ook kollegas in die Dogmatiek, kan gerus lees wat Westermann skryf oor "Genesis 17 und die Bedeutung von berit" (pp. 66—78). Hier is verantwoorde uitleg, en meteens 'n aanduiding van hoe maklik die leer die lewe (p. 77) uit God se belofte en sy werklikheid (p. 72) kan haal. So bring elke bydrae sy nuwe insig, en 'n sekere tintelende vreugde om deur die geskrewe woord daarin te kan deel. Ook hierin reik die taal en skrif van die Bybel "weit über Israel und seine Geschichte hinaus ..." (p. 62).

Na die eerste en die laaste bydrae moet daar effens meer in besonderhede gekyk word, want hierin word 'n aspek van die Teologie aangeraak waarvoor ek jarelank al pleit in ons Fakulteit en waaraan nog steeds nie voldoende aandag gegee word nie. Wie voortaan wil deelneem aan 'n gesprek oor kurrikulumbeplanning in 'n Teologiese Fakulteit moet eers behoorlik kennis neem van Westermann se totaliteitsbeskouing in "Das Alte Testament und die Theologie" (pp. 9—20) en "Aufgaben einer zukünftigen Biblischen Theologie" (pp. 203—212). Die Teologie word té departementsgebonde beoefen, miskien selfs te nasionaliteitsgebonde en in Suid-Afrika te kleurgebonde. Tereg het Westermann geskryf: "Von Gott reden heisst vom Ganzen reden. Eine Eigenart des Alten Testaments besteht darin, dass sein Reden das Ganze umfasst ..." (p. 7). Dié waarheid deurspek die eerste bydrae in sover dit die aandeel en verantwoordelikheid van elke departement in 'n Teologiese Fakulteit betref, en hierop val die klem in sy visie op die taak wat voorlê vir "die Theologie als ganze" (p. 203). Die eerste vraag wat elke teologiese dissipline vir homself moet stel, is in hoeverre dit in diens staan van die Bybelse Teologie wat 'n geheel is. Hierin het Ou en Nuwe Testament vanselfsprekend 'n aandeel, maar óók Dogmatiek (pp. 19—21, 207—208), Praktiese Teologie (pp. 24—26, 208—210), die Kerk- en die Sending-geskiedenis (pp. 12—18, 211). Daar is dikwels meer kontak tussen die ses teologiese departemente en hulle analogieë in Lettere (Semitiese Tale, Grieks, Filosofie, Sielkunde en Sosiologie, Geskiedenis en Volkekunde) en aansluiting by hulle as by die departemente van dieselfde Teologiese Fakulteit. Westermann gee uitstekende gespreksmoontlikhede vir die Bybelse Teologie met homself.

A. H. van Zyl

G. Eichholz, *Das Rätsel des historischen Jesus und die Gegenwart Jesu Christi*, Herausgegeben zu seinem 75. Geburtstag am 6 April 1984 von Gerhard Sauter, Chr. Kaiser Verlag, München 1984, 166 pp.

Hierdie boek is saamgestel uit twee "voorlesings" van Eichholz, een uit sy vroeëre en een uit sy latere lewe. Die voorlesing oor "Christus und der Bruder" (1945) is die eerste voordrag wat hy as dosent in sistematiese teologie te Wuppertal gelewer het. (Kort daarna het hy dosent in Nuwe Testament geword). Die tweede, getitel "das Problem des historischen Jesus", is een van sy laaste voordragte te Wuppertal (1966).

Hoewel dit om twee uiteenlopende vraagstukke uit twee verskillende periodes in Eichholz se lewe gaan, word die belang van elke voorlesing in die titel van die boek treffend verbind.

Inderdaad voer hy die leser op 'n akademies diepsinnige wyse, maar tog helder en eenvoudig, saam deur die "raaisel rondom die historiese Jesus". In sy voorlesing oor

“Jesus en die broeders” voer hy weer eens die leser mee, maar in hierdie geval op so ‘n wyse dat die Christen leser nie anders kan as om eksistensieel (om sy woord te gebruik) betrokke te raak a.g.v. die duidelike beskrywing van die “teenwoordigheid van Jesus Christus” in die wêreld nie. Op dié wyse sluit die voorlesings bymekaar aan, meer nog, vul dit mekaar ook aan.

In die eerste voorlesing “Christus und der Bruder” bevind Eichholz homself “Mitte des Problems der theologischen Ethik”. Inderdaad is dit moontlik om die etiek uit verskillende hoeke te benader en daarom verkies Eichholz om dit vanuit die realiteit van Jesus se teenwoordigheid in en bemoënis met ons “broer” te doen.

Word die vraag dan gevra: “Was sollen wir tun?”, beantwoord Eichholz dit allereers deur op ons gebondenheid aan die genadige Heer te wys. Ons moet t.o.v. ons bestaan verantwoording doen voor die Heer.

Juis om die rede word die vraag “Was sollen wir tun?” in die konkrete betrokkenheid by jou “broer” beantwoord. Alle privaatheid word deurbreek deur verpligtinge en bindinge aan jou broer a.g.v. die liefde (wat teenoor eiebelang staan). Immers, deurdat Jesus Homself tot die mens gewend het, het Hy hul broer geword. As jou “broer” voor jou staan (of hy jou welgeval of nie) staan Jesus met hom daar. Die vraag of jy jou broer ken is dus altyd ‘n vraag of jy Jesus ken. Jesus vorm dus die middelpunt van die “broederskap”.

Aan die hand van verskeie teksgedeeltes belig Eichholz dan verskillende dimensies van die Christusbepaalde broederskap. Hy dui in besonder aan hoe Jesus op ‘n verborge wyse in ons “broeders” na ons kom, wat ons natuurlik onlosmaaklik aan ons bind. Hy gee ook heelwat aandag aan die siek Lazarus (Luk. 16:19–31) wat in sy hulpeloosheid ons tot hulp en krisis van ons eie eksistensie word.

Hoewel nie oral met Eichholz se eksegeese saamgegaan kan word nie (hy is as eksegeet ook ‘n kind van sy tyd) moet met die redakteur van die bundel G. Sauter saamgestem word dat die voordrag inderdaad “unvergesslich” is. Nie alleen die hoë standaard van die voorlesing nie, maar ook die geestelike diepte daarvan maak dit ‘n genot om te lees.

Die tweede voorlesing wat in die bundel opgeneem is, getitel “Die Frage nach dem historischen Jesus in der gegenwärtigen Forschung” is van totaal ander aard, maar tog nie minder uitstaande nie. Op ‘n helder wyse behandel Eichholz die probleem van die historiese Jesus in fases: Hy gee eers aandag aan die voorgeskiedenis van die probleem, volg dan die lyne in die “formgeschichtlichen Forschung” en behandel dan drie vername eksponente, nl Bultmann, Ebeling en Käsemann se individuele bydraes.

Wat veral in die voorlesing opvallend is, is die wyse waarop Eichholz sy eie interpretasie met aanhalings uit die werke van die persone onder bespreking kombineer. Die uiteinde is een van die helderste beskrywings rondom die vraagstuk wat ek nog teëgekom het. Hy val nie in die strik om onnodig baie geleerdes by te haal nie, maar skets die verloop van die probleem aan die hand van die vernaamste figure.

Die voorlesing is aan te beveel vir enige persoon wat ‘n duidelike maar tog kernagtige weergawe van die probleem rondom die “historiese Jesus” soek.

In die geheel gesien, bevat die bundel ‘n goeie balans tussen akademiese kwaliteit en pastorale bewoënhed, wat dit die moeite werd maak om te lees.

J.G. v.d. Watt

J.H. van Wyk, *Man van die derde weg*. W.J. Snyman as teoloog. Wetenskaplike bydraes van PU vir CHO, reeks F2, no 35, Potchefstroom 1985, 59 pp. Prys R6,00.

“Reformasie is nooit afgehandel nie — dit is ‘n blywende opdrag.” So lui die aanvangs-

woorde van die boek oor W.J. Snyman as mens en teoloog. Die Instituut vir Reformatoriese Studies (IRS) het in 1984 sy reeks "Reformatoregalerie" van stapel gestuur, juis omdat reformasie nie iets stagnants is nie, maar 'n voortgaande proses. Prof. W.J. Snyman is dan ook inderdaad die eerste *moderne* reformatoriese denker wat aan die beurt kom, omdat hy "werklik 'n teologiese bydrae in Suider-Afrikaanse konteks gelewer het" (p. 1).

Die boek begin met 'n biografie van prof. Snyman. In 'n kort uiteensetting word beide sy historiese lewensloop asook sy bydrae as kerk-, kultuur- en gesinsmens aangestip. (Foto's van prof. Snyman in verskillende hoedanighede dien ook die nuttige doel om prof. Snyman die mens "nader" aan die leser te bring).

Die grootste gedeelte van die boek handel egter oor sy teologiese bydrae op veral drie terreine, nl. die ekklesiologie, die basileiologie en die etnologie. Prof. Snyman se standpunt oor elk van die terreine word tematies aangebied. Dit neem egter nie die vorm van 'n "dogmatiek" aan nie, maar word afgewissel deur uiteensettings van hoe en waar die standpunte die kerk en sinodes beïnvloed het, asook punte van kritiek van die kant van die skrywer. Die feite word kort en bondig aangebied en in die meeste gevalle word lang redenasies of motiverings vermy.

In die bespreking van die ekklesiologie word daar veral gekonsentreer op die eenheid en verskeidenheid van die kerk binne die Suid-Afrikaanse opset. Besondere aandag word aan sake soos gesamentlike of afsonderlike aanbidding en volkskerk of volkerekerk gegee. 'n Punt van kritiek is dat die leser soms die indruk kry dat die skrywer onnodige lang uiteensettings van sy eie standpunt gee (wat nie meer as sg. "kritiek" op Snyman kan deurgaang nie).

Die gedeelte oor die basileiologie word bondig en duidelik uiteengesit. Die "koms van die koninkryk" word in drie dele rondom Pinkster as "snypunt" ingedeel, nl. voor, met en ná Pinkster.

Die gedeelte oor die etnologie handel oor Snyman se beskouings oor volk en vaderland, kerk en samelewing. Ook hier word die hooflyne bondig weergegee. Sekere sake (veral rakende die kleurprobleem) wat ook in die bespreking van die ekklesiologie genoem is, kom hier ter sprake. Dit is tog jammer dat die skrywer sodanige herhaling nie kon vermy het nie. Die herhaling asook die relatief lang bespreking oor hierdie sake laat die leser met die aanvanklike indruk dat Snyman die grootste deel van sy denke aan die betrokke sake gewy het, terwyl die uiteensettings van die basileiologie en dele van die ekklesiologie soveel diepte bevat dat dit die leser laat twyfel of hierdie "aanvanklike" indruk die korrekte een was.

As "inleiding tot 'n inleiding" (p. 1) van Snyman se werk is die boek baie nuttig, beide vir gewone lidmate en vir teoloë. Dit word bondig en duidelik aangebied en stimuleer beslis die belangstelling in Snyman as teoloog.

Die IRS verdien lof vir die inisiatief wat hulle geneem het om met so 'n reeks te begin. Die behandeling van 'n "eietydse" teoloog wat ernstig met die teologie in sy situasie geworstel het, is ewe prysenswaardig en sal beslis daartoe meewerk dat die eie bydraes van ons teoloë hier ter lande meer na waarde geskat word.

J.G. van der Watt

J.H. Barkhuizen, *Carmen Christianum. 'n Inleiding tot die Grieks-Christelike himnografie van die eerste ses eeue*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 195 pp. Prys R22,50.

Dr. J.H. Barkhuizen, professor in Grieks aan die Universiteit van Pretoria, het met hierdie publikasie 'n besondere diens aan kerk en teologie gelewer. Dit is nie die soort werk wat die

publiek gaande sal maak nie, omdat dit op 'n spesialisasieveld lê waarop in ons land in elk geval weinig kundiges beweeg. Dit is egter die soort werk wat 'n mens se gees verkwik en verryk wanneer jy bereid is om daaraan tyd en aandag te gee. Prof. Barkhuizen ontsluit met hierdie bundel die kosbare Griekse liedereskat van die Christelike kerk van die eerste ses eeue. Beginnende by enkele bekende Nuwe-Testamentiese liedere gee hy seleksies uit die Apostoliese Vaders, die Apostoliese Konstitusies, die gnostiese literatuur en die kerkvaders voordat hy na die Bisantynse periode beweeg en 'n aantal voorbeelde van die *troparion* en die *kontakion* aanbied. Die bundel eindig op 'n hoogtepunt met die beroemde Romanos Melodos se Canticum no. 19 oor Christus se lyding en Canticum no. 29 oor Christus se opstanding. Veral eersgenoemde met sy dramatiese inslag, sy voldraenheid, sy aangrypende beelderykdom, sy sinvolle refrein, sy diepgaande teologie is onvergeetlik mooi.

Die bundel word aangebied met 'n kernagtige inleiding en oriëntering, die Griekse teks en uiteindelik 'n vertaling wat die himniese karakter van die materiaal respekteer. Die inhoud is keurig versorg. In die Afrikaanse teks kom slegs enkele ortografiese steurnisse voor. By die inhoudsopgawe moet die hoof "III. Vertalings" vermoedelik na onder skuif om ná die "Tekste" te verskyn. 'n Bladsy-opgawe by eersgenoemde sou die vind van die himnes vir belangstellendes wat nie Grieks kan lees nie, vergemaklik. *Enfin*, 'n bundel waarmee die skrywer gelukgewens, en waarvoor hy bedank moet word.

A.B. du Toit

J.J. Davis, *Foundations of Evangelical Theology*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1984, 282 pp. Prys 9,95 dollar (ongeveer R34,00).

Die skrywer, professor aan die Gordon-Conwell Theological Seminary sedert 1975, wil met hierdie boek 'n algemene inleiding tot die studie van die sistematiese teologie, aanbied. Uiteraard word nie alle aspekte aangeraak nie, maar dié wat wel ter sprake kom, word deeglik en prikkelend gestel. Sistematiese teologie word geplaas binne 'n ruim definisie van evangeliese teologie as die sistematiese nadenke oor die Skrif en tradisie en die sending van die kerk met die Skrif as norm. Daarmee wil die skrywer aandui dat teologie in die algemeen en sistematiese teologie in besonder nie 'n blote akademiese onderneming is nie, maar steeds in verband met die taak van die kerk in die wêreld gesien moet word. Laasgenoemde bedoel hy heel konkreet en gee daarom inleidend dan ook aandag aan die teologiese toneel op Amerikaanse bodem die afgelope twee eeue. Hy gee ook 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van verskillende teologiese modelle m.b.t. die taak van die teologie. Hy gee aandag aan drie modelle t.w.: dié van die *sapientia*, *scientia* en *orthopraxis*. In die verlengde van laasgenoemde plaas hy dan ook die teologie van bevryding. Hy is self van mening dat al drie hierdie aspekte (wysheid, kennis en daad) 'n integrale deel behoort uit te maak van die evangeliese teologie.

Vervolgens stel hy aan die orde die wyse waarop daar in die teologie oor die openbaring gepraat word. Religieuse taal is nie direkte taal nie. In hierdie verband praat hy van 'n skaal-model van denke en 'n analogiese model van denke. Eersgenoemde is 'n direkte wyse van spreke, al is dit dan op veel kleiner skaal, maar laasgenoemde is as metaforiese wyse van spreke die legitiem-bybelse wyse van spreke oor die openbaring. Hy wys op die hellenisering van die evangelie, die eenheid van die kanon en die anti-belydenis mentaliteit in Amerika wat ten nouste met die spreke oor die openbaring saamhang.

As deel van hierdie formele opmerkinge handel hy dan ook nog oor kontekstualisering of eintlik herkontekstualisering van die evangelieboodskap. Daaronder verstaan hy die artikulering van die Bybelse boodskap in terme van taal en denkvorme van 'n bepaalde

kultuur en etniese groep. Die oervorm en paradigma vir die proses van kontekstualisering is die inkarnasie waarin God Hom in die persoon van sy Seun gekontekstualiseer het in menslike "kultuur".

Na hierdie inleidende opmerkinge gaan die skrywer oor om enkele konkrete sake aan die orde te stel, soos bv. die openbaring, die rede, die Heilige Skrif en die interpretasie van die Skrif. Telkens wanneer 'n saak behandel word, word ook opmerkinge gemaak oor die belangrikheid daarvan vir die Amerikaanse situasie.

Oor die algemeen handhaaf die skrywer 'n baie ortodokse standpunt en gee met die konkrete verwysings na kerklike en teologiese situasies in die omstandighede waarin hy skrywe, 'n besondere aantreklikheid aan sy boek.

J.A. Heyns

J. du Preez, *Besprinkeling as doopvorm?*, Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Volume 7, Reeks B, No 1, 1985, 95 pp. Prys R5,00.

Die stryd oor die doop die afgelope tyd, het minstens die goeie gevolg gehad dat 'n hele aantal studies oor die doop en oor aspekte daarvan, die lig gesien het.

Hierdie studie konsentreer op slegs een aspek van die doop, naamlik die hele vraag na die wettigheid van die besprinkeling as doopvorm. Die saak van die doopvorm is juis een van die kernpunte van die bestryding van die tradisionele doop — nl deur besprinkeling, soos deur die verskillende Christelike kerke beoefen. Die doop deur onderdompeling word deur hierdie bestrydingsgroepe as die enigste juiste doopvorm verkondig.

Die skrywer hanteer daarom 'n baie aktuele onderwerp vandag. Hy het sy BD-verhandeling gewysig en bietjie bygewerk.

Die skrywer ondersoek en behandel die saak van die besprinkeling as doopvorm agtereenvolgens vanuit die volgende gesigspunte:

Besprinkeling as doopvorm in die lig van die kerkgeskiedenis;

Besprinkeling as doopvorm in die lig van die betekenis van baptizo;

Besprinkeling as doopvorm in die lig van die gegewens van die vier evangelies;

Besprinkeling as doopvorm in die lig van Handeling, die briewe en Openbaring;

Besprinkeling as doopvorm in die lig van die betekenis van die sakrament van die doop.

Deurgaans is die skrywer deeglik in sy ondersoek. Sy afleidings en konklusies is verantwoordelik. 'n Aantal belangrike bronne word geraadpleeg. Ek het veel meer van die gegewens van die nuwere kommentare en ondersoek verwag. Daardeur sou die waarde van die werk veel hoër kon wees.

Na die behandeling van die onderwerp vanuit die genoemde gesigspunte, gee die skrywer samevattend sy konklusies. Hy wys daarop dat daar baie sterk gronde bestaan vir die handhawing van besprinkeling as doopvorm. Die besware daarteen word weerlê en argumente word aangevoer waarom die besprinkeling op sterk gronde rus en met goeie reg gebruik behoort te word.

Hierdie werk kan baie goed gebruik word deur elkeen wat in die vorm van die doop geïnteresseerd is. Aanbeveel.

A.C. Barnard

J.A. van Wyk, *What we believe*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 98 pp. Prys R7,25.

Die doel van die boek is om 'n oorsig te bied oor die Christelike geloof. Die boek het, in die

woorde van die skrywer, Christene én teologiese studente in die oog. In dié oogmerk het die skrywer uitmuntend geslaag.

Die ganse dogmatiek kom in die boek aan die bod. En dan vanuit 'n bepaalde (én bepaalde) perspektief: die Gereformeerde tradisie. Daarom is dit ook nie vreemd nie dat verskillende teoloë 'n stempel op die skrywer afgedruk het.

Die omvang van die dogmatiese stof wat in die bestek van slegs 98 bladsye bestryk word, bring (vanselfsprekend) mee dat die skryfstyl gedronge voorkom. Die woorde kry nie altyd vleuels om die wydheid van die dogmatiese landskap rustig te verken nie.

Die skrywer handel in die eerste deel oor *hoe ons God kan ken en Wie God is*. Wanneer hy die Bybel die verslag van God se handeling en woorde in die geskiedenis noem (p. 5), sê hy te min. Daar kan eerder gesê word: God se woorde word daad en dié daad word woorde. Dié woordgeworde daad en belofte is God se openbaring aan die mens. Wanneer die skrywer die vraagstuk van die skopus van die Bybel behandel, kies hy ten gunste van Jesus Christus, sy lewe, sterwe, opstanding en voortgaande werk tot by die voltooiing as fokus van die Bybel. Hierdie keuse maak die vraag na die betekenis en funksie van die Ou Testament dringend én aktueel. Myns insiens is daar verskillende grondlyne in die Ou Testament en Nuwe Testament wat die werk van God drie-enig van die begin (skepping) tot by die voltooiing (die voltooië herskepping) toelig.

Die tweede deel van die boek gaan oor *die Christelike geloof oor God, die Triniteit, God se eienskappe en sy raad*. Die skrywer se verwysing na Gen. 1:26 en 11:7 om die Triniteit in die Ou Testament te begrond, gaan om eksegetiese redes nie op nie. "Kom Ons maak die mens ..." (Gen. 1:26) dui nie op die drie Persone in die Drie-eenheid nie. Dit is ook nie 'n pluralis majestatis nie, maar 'n pluralis deliberationis (C. Westermann en J. Scharbert).

Die tweede deel handel verder oor *die skepping, die voorsienigheid en die wese van die mens*. Wanneer die skrywer binne die raam van die antropologie oor die verbond skryf en dit as die *skeppingsverbond* aandui sonder om dit teologies te begrond, is dit juis om teologiese redes nie houdbaar nie. Indien die verbondsgeskiedenis beslissend was vir die skeppingsvertelling, sou die skeppingsverhale tog minstens sommige van die terme wat in die heilsgeskiedenis kenmerkend is, moes gebruik. In die verbond kan verbond en gebod genoem word (A.S. van der Woude). Die verbond is in die Ou Testament 'n toevoeging tot die skepping. Dit gaan in die verbond om die redding van die (verlore) skepping en dan die totale skepping (P.F. Theron). Die verbond is 'n verhouding wat die genadige God aangaan om die gevalle mens op te tel.

In die derde afdeling behandel die skrywer die *herskepping van die skepping en die mens*. Calvin het met reg op die profetiese, koninklike en priesterlike amp van Jesus se dienswerk gewys. Die skrywer sluit by die onderskeiding aan en plaas Jesus se ganse lewe én versoenende sterwe binne die raam. Wie vanuit die versoening wat Christus bewerk het leef, beklee óók die amp van priester, profeet en koning. Die ampte wat dienswerk in die kerk beoog, verteenwoordig Christus se bediening as priester, profeet en koning. Die skrywer slaag daarin om aan die drieërlei amp 'n Christologiese begronding, 'n Pneumatologiese effektuering en 'n antropologiese aktualisering te gee.

Die gedeelte wat oor die kerk en die instrumente van genade gaan, is verhelderend. In dié afdeling word die kerk en die sakramente toegelig. Die skrywer se onderskeiding van die *ecclesia militans* (die kerk in die wêreld) en die *ecclesia triumphans* (die deel van die kerk wat reeds in die hemel is en die kerk soos dit na Christus se wederkoms sal wees), verdof die oorwinningperspektief van die kerk in hierdie voorlopige bedeling. Die oorwinningsvlag wapper nou reeds. En daar is nou reeds tekens én bakens van hoop.

Die vierde deel van die boek het te doen met *die Christelike verwagting oor die toekoms*. Die skrywer eindig op 'n hoë en hoopvolle noot. Daar kom 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. God gaan by sy volk bly. En Hy alleen sal die Koning van sy skepping wees.

Daarom sal die skepping én die skepsel sy lof besing.

Die toekoms wat kom, dring ons tot handeling: handeling wat sê dat die enkeling én die gemeenskap op die dag van voltooiing wag.

Wie in die Gereformeerde dogmatiek wil inkyk, vind in die boek bondige en grondige grondlyne. Daarom is die nalatenskap van J.A. van Wyk 'n diens aan die Gereformeerde teologie.

C.J.A. Vos

J. Moltmann, *Politische Theologie. Politische Ethik*, Chr Kaiser Verlag, München 1984, 192 pp.

Hierdie werk van Moltmann, wat al in 1984 verskyn het, is 'n versameling van reeds gepubliseerde en enkele ongepubliseerde artikels oor die onderwerp. So 'n samestelling vertoon dikwels 'n gebrek aan koherensie en weerspieël nie altyd die ontwikkeling in 'n outeur se gedagtegang nie. Baie sake word aangeraak, maar min word in diepte uitgewerk. Die boek kan dan ook nie gesien word as 'n handboek oor die politieke etiek nie — dit is eerder 'n stimulans in dié debat en dit dui kersake aan wat in aanmerking geneem moet word.

Moltmann gee homself nie uit as 'n etikus by die skryf van dié werk nie. Hy wil as sistematikus vanuit die teologie oor die politiek nadink. Politieke teologie sê vir hom nie dat dit teologiese nadenke oor die politiek is nie. Dit gaan om politieke teologie *per se*, want elke verantwoordelike teologie het politieke konsekwensies wat deurdink moet word (39). Soos verwag kan word, grond sy politieke teologie sterk in sy hoopteologie en hy erken dit ook (155). Hy veranker sy politieke nadenke in teologiese begrippe soos hoop, kruis, lyding, die mens as beeld van God, eskatologiese Christologie ensovoorts. Hy wil die politieke konsekwensies van 'n Christelike kruisteologie weergee (42). 'n Mens moet opmerk dat Moltmann met dié beklemtoning 'n bepaalde teenwig vir die soms gewelddadige eenzijdighede van die Marxistiese en bevrydingsteologiese rigtings stel.

In die lang inleiding skets Moltmann die kerklike en teologiese milieu in Wes-Duitsland waarin die nadenke oor die politieke teologie en etiek plaasvind. In 'n verdeelde Duitsland ná die Wêreldoorlog het die ekonomie ten koste van die politiek ontwikkel. Die ekonomie bepaal die politiek as 'n "wirtschaftliche Machtpolitik". Dié situasie is sekerlik nie net beperk tot Duitsland nie. Dit tipeer die magte waaraan die politieke ontwikkeling in die meeste kapitalisties georiënteerde lande in die Weste onderworpe is.

Moltmann is ook krities teenoor 'n Duitse passiwiteit wat met 'n kenmerkende intellektuele introversie tot 'n reformasie kon vorder maar nie tot rewolusie nie. 'n Mens wonder hoe hy dan die Duitse aggressie tydens die wêreldoorlog beoordeel. Dat die gemiddelde lidmaat van 'n burgerlike godsdienst onbetrokke wil bly teenoor sake wat hom nie direk raak nie, is waar.

Moltmann reageer ook teen die passiewe kerklidmaat van die volkskerk waar die kerkleiding vir die lidmaat besluite neem en sin bied. Teenoor die burgerlike staatsgodsdienst in Duitsland veridealiseer hy die Amerikaanse vrye-kerke-sisteem wat die moontlikheid van newesikkende, alternatiewe gemeenskappe en lewensvorme daarstel. Die vrye-kerke-idee met die kongregasionalistiese klem op die reg en vryheid van die gemeente vorm vir Moltmann die basis van die hele demokrasie (83 e.v.). Die beginsel van godsdienstige veelheid, vryheid en toleransie (so belangrik in sy politieke teologie) staan vir hom bo die strewe na eenheid, waarheid en mag in die godsdienst. Moltmann wil dus die vrye-kerke-situasie in Amerika, wat hy self 'n godsdienstige supermark-situasie noem, as model vir die politieke werklikheid gebruik waar elkeen volgens vrye assosiasie en goed-

dunke homself kan uitleef. Dit volg dan vanselfsprekend dat Moltmann die konfessionele aard van die teologie en die strewe na 'n eenheidsteologie wil relatiewe. Die soeke na 'n algemene verwysingspunt is 'n absolutisme, sê hy, en dit sentreer rondom die Europese kultuur (22–23). Of die siening van Moltmann sal byval vind of nie, feit bly dat die kerk hom in 'n godsdienstig-, kultureel- en politiesmeervoudige situasie sal moet heroriënteer. Moltmann self verkies 'n benadering wat hy 'n funksionele godsdienststeorie noem, waar die godsdienstsisteem by die sosiale nood aanpas (24). Lyk dit vir die leser miskien na 'social gospel', dan reageer Moltmann deur te sê hy wil nie die Christelike geloof in die politiek of die humanisme oplos nie. 'n Christelike politieke teologie wil die Christen by Christus uitbring, wat weer by die hoopverlorene en onderdrukte te vind is (69).

Moltmann se skryfstyl herinner aan die retoriese dialektiek van Barth. So byvoorbeeld vind hy die Amerikaanse vrye-kerke-sisteem aantreklik omdat hulle ongebonde en beweeglik is, gekenmerk deur 'n lewenstyl van eksperimentering en met 'n messiaanse dinamiek van die voorlopige. Maar, erken hy, die voorlopige is ook hul swaakteit (en dit is 'n geïmpliseerde erkenning van die swaakteit van die hoopsteologie — alles is voorlopig). Moltmann stel dikwels die kritiese teendeel van 'n standpunt, en tog lyk dit nie of hy werklik deur die teendeel beïnvloed word nie.

Die hoopsteologie, synde 'n veranderlike eksodusteologie, het as hoofkomponent die vertroue op die geskiedenis as ruimte van die verandering. Dit bepaal ook Moltmann se antropologie, wat nie vertrek vanuit voorvrae oor dit wat die wese van die mens konstitueer nie, maar wat die geskiedenis sien as dié faktor wat die mens maak tot wat hy is. Ons kan Moltmann se siening so saamvat: Die geskiedenis bepaal die wese van die mens, en die mens bepaal weer die geskiedenis. Dus kan ons sê: Die mens bepaal die wese van die mens — of meer korrek dalk, 'n minderheid bepaal die wese van die meerderheid (vgl. 107 e.v.). 'n Mens kry die idee dat dié siening die bepaling van die mens as beeld van God relatiewe.

Dit is die tweede deel van Moltmann se boek oor politieke etiek wat veral verrykend is. Hy probeer 'n weg baan tussen die tweerykeleer van Luther, die Calvinistiese leer van die koningsheerskappy van God en die Christusmonistiese model van Barth heen. Hy erken die veelduidigheid van die modelle en die unieke historiese agtergrond waarteen elke model ontstaan het. Hy probeer ook om die teologiese en ander besware teen die modelle te vermy in sy eie modelvorming. Hy pleit, myns insiens tereg, eensyds vir die onderskeid kerk-staat en andersyds vir kerklike betrokkenheid by die totale werklikheid sonder om die werklikheid te wil verkerklik.

Hy waag dit binne die bestek van 'n paar bladsye in die doolhof van probleme oor die kerk-staat verhouding. Sy kritiek teen die staatsteologie is gesond. Die probleem wat ek met die uiteensetting vind is dat ons moet rekening hou met 'n situasie waarin die Christendom nie in 'n kamp geplaas kan word om die verhouding daarvan tot die staat te bepaal nie. Van watter kerk praat jy in die verhouding kerk-staat, en van watter staat? Wat is die plek en reg van ander godsdienste soos die Islam en die Joodse godsdien in 'n godsdienstige plurale werklikheid? Juis dié verwikkeldheid eis 'n meer konkrete beredenering van die probleem. Moltmann het dit moontlik in die agterkop as hy beweer dat die nuwe politieke teologie van 'n ekumeniese en bokonfessionele aard is (152). Daar sal ruimte gemaak moet word vir 'n veelvoud van sieninge oor die verhouding kerk-staat waarin kerke (en gelowe) mekaar probeer vind in 'n situasie waar daar op 'n eenduidige normsisteem geappelleer kan word.

Moltmann se eie kruisteologie van hoop aan die arme en onderdrukte het tereg 'n beslissende maatskapykritiese funksie (157). Sy uitsondering van die arme doen eensydig voor. Dit gaan tog nie net om die arme t.w.v. die arme nie, maar om armoede wat 'n bepaalde godsdienstige afhanklikheidsverhouding tot God skep. Nie dat armoede as etiese probleem nie ernstig opgeneem moet word nie, ook nie in die lig van die uitspraak dat ons die armes altyd by ons sal hê nie. Die bevrydingsteologie mag vind dat met die uiteindelijke

opheffing van die armoede daar niks meer van die godsdienst oorgebly het nie. In dié verband geld die ou kritiek ook teen Moltmann se fundamentalistiese hantering van Bybelse tekste (vgl. 65 e.v.).

Moltmann se behandeling van menseregte is veral vir ons van belang aangesien daar gepoog word om vir ons eie situasie menseregte te formuleer. Hy beklemtoon dat individuele menseregte nie bo sosiale menseregte uitgesonder moet word nie, soos wat dit gewoonlik in 'n stelsel van kapitalisme en klasseheerskappy plaasvind. In Suid-Afrikaanse konteks sal dit van belang wees om toe te sien dat die regte van beide die individu en die groep verskans word.

Naas natuurregte en Godsregte noem hy ook toekomsregte (regte van die nageslag en hantering van die oorbevolkingsprobleem) wat nadenke eis. Moltmann erken geweld onder bepaalde omstandighede in die stryd om menseregte. As dit by die ontduiking van mensepligte kom, kom geweld nie ter sprake nie, maar word daar op opvoeding teruggeval. Dit lyk na 'n wanbalans.

Die menseregteprobleem word ingewikkelder in 'n meervoudige samelewingsituasie waar groepsregte in botsing kom en daar na norme gevra word. Die uitwerk van sodanige konkrete probleme kom ongelukkig nie aan die orde nie.

Moltmann se pasifistiese ingesteldheid teenoor kernwapens en sy voorstel tot eensydige ontwapening oorreed nie.

In die geheel bly die boek noodsaaklik vir enige ernstige betrokkenheid by dié probleem, veral in ons eie situasie. Wie nie die politieke konsekwensies van sy teologie deurdink nie, word verdink van 'n swygsame ondersteuning van die *status quo*!

Ek herinner my in hierdie verband aan die woorde van Hermann Hesse in sy 'Krieg und Frieden: "Fühle mit allem Leid der Welt, aber richte deine Kräfte nicht dorthin, wo du machtlos bist, sondern zum Nächsten, dem du helfen, dem du lieben und erfreuen kannst".

C.W. du Toit

J.L. de Villiers en J.M.G. Prins (reds.), *Die kerk en sy jeug op weg. 'n Huldigingsbundel opgedra aan prof. D.W. de Villiers*, N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1984, 204 pp. Prys R29,90.

Hierdie is 'n bundel bydraes deur die kollegas van professor Dawid en sy seun van die Hugenote-kollege, toegespits op die tema kerk en jeug uit erkenning vir wat hy vir die Fakulteit en in die praktyk op hierdie gebied gedoen het. Die eerste bydrae is 'n kort lewensbeskrywing van "Dawid Willem de Villiers" deur prof. E. Brown. Ons hoor van die gemeentes wat die jubilaris bedien het, sy belangstellings en stokperdjies en arbeid op die breë kerklike terrein. Dit is 'n mooi simpatieke skets en net jammer dat daar enkele foute voorkom bv. voetnoot 24 en op p. 20 die tweede paragraaf word bedoel sy *artikel* "Calvyn van leerling tot leermeester" in die *bundel* "Calvyn aktueel".

Dr. J.P.J. Olivier se artikel handel oor "die ou nabye Ooste en opvoeding van die jeug". Hy bespreek die formele opleiding in skole in Mesopotamië en Egipte waar daar ook aan fisiese oefeninge aandag gegee is asook die onderrig in Oud-Israel.

Prof. J.L. de Villiers wat saam met prof. Dawid vir enkele jare medeleraar in Paarl was, behandel "Jesus as Leermeester". Die verskille tussen Jesus en die rabbis word aangetoon en Jesus se metode van oorbeklemtoning en hiperbool word mooi beskrywe. Ander maniere waarop Jesus sy boodskap gebring het is o.a. deur woordspeling, vergelykings, metafore, spreekwoorde, raaisels en paradoks.

Prof. H.J.B. Combrink bespreek "die rol van stories in kinderpreke en kategese".

Hy wys op die gevaar dat in die kategeese die aksent in verhale alleen op die historiese aspek val terwyl aan die besondere funksie van die verhale van Ou en Nuwe Testament weinig aandag gegee word. Onversigtige hantering van die verhaal kan by geleentheid ook verwarring by kinders skep. Ten slotte toon hy aan hoe dit wel in die kategeese en prediking hanteer moet word.

In dr. P. Coertzen se artikel "Die jeug in gereformeerde kerkregering" vergelyk hy die *Ordonnances ecclésiastiques* (1561) en die kerkorde van die Ned. Geref. Kerk (1982) met mekaar. Hy ontleed in besonderhede alles wat oor die jeug in die kerkorde van Calvyn gesê word. Hy wys verder daarop dat die beleid van die Ned. Geref. Kerk ten opsigte van die jeug nie in die kerkorde te vinde is nie maar in 'n afsonderlike stuk, nl. die sogenaamde Jeugbeleid. Daar word wel 'n duidelike beleid neergelê met betrekking tot die onderwys van die jeug in artikel 69 van die kerkorde.

Dr. P.F. Theron behandel die belangrike tema "persoonlike geloofsbelydenis en geloofsekerheid". Hy bespreek die vraag of 'n mens bely *dat* hy glo of bely 'n mens *wat* hy glo. Geloof is 'n persoonlike saak maar is ook nie net 'n persoonlike saak nie. Sonder die stem van die individu word daar glad nie gesing nie, maar sonder die stem van die kerk sing die individu vals. Oor persoonlike geloofsbelydenis en heilsekerheid sê die skrywer dat die gelowige nie bely *dat* hy glo nie maar *wat* hy glo. Mens bely nie homself nie maar Christus, wat die grond van ons sekerheid en van ons geloofsbelydenis is.

Prof. D.A. du Toit wys in sy artikel "Jeug, norm en gesag teen die einde van die twintigste eeu" op die feit dat die tradisionele gesagstrukture en vorme van normwerking al meer bevraagteken word. Die mens verkeer in 'n identiteitsnood. Verskillende sake word in die artikel aangeraak bv. individualisme en normbewussyn; materialisme en normbewussyn; die tegniek wat kan sked, almagtig is, ens; die toekoms as sinfaktor; struktuurverandering en ten slotte wys die skrywer op 'n Christelike lewenstyl. Die verlies van identiteit en sin en sedelike koers is die direkte gevolg van die verlies van relasies nl. met God, met die medemens, met die skepping en vervreemding van die self. Dit gaan dus daarom dat God se genade en liefde moet deurbreek in die lewe van 'n mens, die "ek" wat homself gevind het in herstelde verhoudinge.

Prof. W.D. Jonker se bydrae handel oor "Die kerk van die toekoms". Hy skets die ontwikkelingsgang oor die siening van die kerk: die optimisme oor die kerk in die eerste dekades van ons eeu; die kritiese geluide van die dialektiese teologie; Bonhoeffer wat die denke oor die kerk miskien die meeste gestimuleer het met sy gedagte van die kerk vir andere en dat die kerk hom heeltemal met die armes en die lydendes in die wêreld moet identifiseer soos Christus dit gedoen het; in Nederland oefen Kraemer met sy aksent op die apostolaat van die kerk invloed uit — 'n gedagte wat ook voorgestaan word deur Van Ruler en Hoekendijk met lg. wat beklemtoon het dat dit vir God gaan om die wêreld en sy heil en nie om die kerk nie; wat die sestigerjare betref kan ons praat van 'n nuwe konsensus, nl. die oortuiging dat die kerk op die wêreld gerig moet wees; hierdie gedagtes vind ook weerklank in kringe van die Wêreldraad van Kerke; die voortgang in die rigting van die denke oor die kerk as vir die verdruktes en die armes; oor die strukture van die kerk van die toekoms is daar onduidelikheid — klein groep, sonder ampte, 'n "leke" kerk; laastens skets Jonker ontwikkelinge in die Rooms Katolieke Kerk wat ook met dieselfde vrae worstel as in die Protestantisme. Die skrywer vra ten slotte wat van ons? Ons is meestal 'n generasie agter ontwikkelinge in die Westerse wêreld, maar ons sal voor dieselfde uitdagings gestel word, o.a. moet antwoord op die vraag wat dit beteken dat die kerk volkome op die koninkryk gerig is en nie op sy eie selfbehoud nie; wat dit beteken dat die kerk die gestalte van 'n dienskneg aanneem. Wie vandag wil weet en verstaan wat aangaan moet Jonker se artikel lees. Helder en duidelik word die verskillende strominge aangedui.

Prof. B.A. Müller skrywe oor "die gesin as 'n maieutiese en terapeutiese gemeenskap". Ons word nie as eenlinge gebore nie maar in 'n gesin. Die belangrikheid van

struktuur in 'n gesin; die noodsaaklikheid van oop kommunikasiekanale; wedersydse aanvaarding en openheid; liefde tussen gesinslede en die regte wyse van konflikthantering word bespreek en ten slotte die gesin as terapeutiese gemeenskap in 'n krisissituasie behandel.

Dr. D.J. Louw lewer 'n belangrike bydrae oor "pastoraat aan die adolessent op pad na volwassenheid". Hy teken eers die psigiese veranderingsproses en daarna die fisieke veranderingsproses; die sosiale omgewing van die adolessent en sy godsdiensbeleving; die tien groeieareas en ontwikkelingsstake en 'n Bybelse model vir jeugpastoraat. Take is nodig wat gerig is op gemeentebou; die pastoraat moet begin om projekte met die adolessent aan te pak. Louw stel voor dat die tyd aangebreek het vir 'n jeugkerkraad wat op sekere tye saam met die volwasse kerkraad sal besin en vir spesifieke jeugdienste volle verantwoordelikheid sal aanvaar.

Dr. J.M.G. Prins sluit hierby aan met sy bydrae oor "groepwerk as metodiek in kerklike jeugkiesies". Die gebruik van groepsdinamika in talle lewensektore is 'n relatiewe nuwe insig. Die noodsaaklikheid van die benutting van die kleiner groep in die kerklike jeugwerk lê in die aard van die gemeente en in die besondere aard van die jeug self. Die skrywer sluit af met enkele praktiese riglyne.

Dr. E. de Villiers behandel "die heeltydse kerklike jeugwerker". Hy wys daarop dat die behoefte aan jeugwerkersposte om verskeie redes sedert 1978 afgeneem het. Die Hugenote-Kollege het in 1981 'n driejarige graad- en 'n driejarige diplomakursus in kerklike jeugwerk ingestel. Die skrywer maak 'n sterk saak uit vir die behoefte aan heeltydse kerklike jeugwerkers in gemeentes en wys op die taak en plek van dié werkers in 'n gemeente. Ek wil opmerk dat dit betreur moet word dat predikantsposte vandag in sommige gemeentes bevries word weens die ekonomiese toestand en hoeveel minder is daar fondse vir heeltydse kerklike jeugwerkers terwyl die werk van die Here groot skade ly. Prof. J. du Preez skrywe oor "sendingperspektief in die sakrament van die doop". Hy wys daarop dat die sending van die gemeente van Christus steeds op die doop afstuur. Die enigste drukfout in die hele bundel kom voor in voetnoot 14, nl. 1880 i.p.v. 1980.

Dr. C.M. Pauw se bydrae heet "Sending vandag. Die sendingtaak van die kerk met besondere verwysing na die jeug van die Ned. Geref. Kerk". Hy wys op nuwe begrippe in verband met sending, nl. *missio dei*; die kosmiese Christus; die Heilige Gees en sending; sending in koninkryksperspektief en ekumeniese sending. Dan toets hy die Ned. Geref. Kerk se siening oor sending aan die genoemde begrippe en vind dat die kerk miskien nie genoeg begrip toon vir die bepaalde rol wat die Heilige Gees in sy gemeente en in die lewens van sy kinders speel met die oog op sending nie. Hy beklemtoon dat die kerk doelbewus en pertinent sy jeug sal moet oriënteer, betrek, motiveer en aktiveer ten opsigte van hul roeping en opdrag tot sending. Hy spel dit heel prakties uit dat die opbou en beoefening van geloofsgemeenskap oor grense heen al meer tot sigbare uitdrukking sal moet kom.

Oor die geheel gesien bevat die boek baie stewige bydraes uit die verskillende vakgebiede oor die belangrike tema van kerk en jeug. Dit is 'n mooi en waardige bundel om 'n geliefde kollega mee te vereer en bowendien die teologiese denke in Suid-Afrika te stimuleer en verryk. Mag die boek nie net op talle boekrakke staan nie maar intensief bestudeer word.

C.F.A. Borchardt

H. Hofman, *Huisbezoek*, Uitgeverij "De Banier", Utrecht 1985, 107 pp. Prys f22,50.

Die skrywer begin met die konstatering van 'n feit: "Zowel bij de ambtsdragers als bij de gezinnen die bezocht worden is er een opzien tegen het huisbezoek" (p. 9).

'n Uriters aktuele onderwerp, naamlik huisbesoek, word met groot liefde, baie geduld en groot geloof aan die orde gestel. Op 'n baie populêre, maar tegelyk praktiese wyse, word die meeste aspekte van huisbesoek en die probleme daaromtrent, behandel. Die skrywer stel vrae aan die orde soos: Waarom is huisbesoek nodig, enkele historiese gegewens aangaande huisbesoek, die karakter van huisbesoek, die eise waaraan ampsdraers moet voldoen, die noodsaaklikheid van huisbesoek, die inrigting van huisbesoek, die praktiese verloop van huisbesoek, die voorbereiding op huisbesoek, ens.

Daar is 'n prinsipiële fundering, maar dit is baie elementêr. Die gedagte van Thurneysen dat die huisbesoek beteken om die antwoord op die prediking te kom haal, weeg te swaar. Daar is te min van die ander groot lyne by huisbesoek.

Die boekie spreek van groot praktiese insig en daar word goeie wenke gegee. Daar word klem gelê op die kuns om te kan luister. Ook die belang van rusperiodes in die gesprek is 'n winspunt.

In die tweede deel van die boek word kortliks die standpunte oor huisbesoek van 'n hele aantal persone weergegee, soos ouderlinge, 'n gesin, 'n moeder, 'n jong gesin, ens. Hierby kom die ervaring van 'n hele aantal vroue ten opsigte van huisbesoek, soos blyk uit 'n vraelys wat uitgestuur is. Hierdie gegewens word wel verstrekkend, maar nie behoorlik verwerk nie. Daar is ook 'n ondersoek na die jeug se siening van huisbesoek, maar wat ook weer nie verwerk is nie.

Die boek bevat mooi insigte, nuttige wenke, en wat veral 'n hulp kan wees vir ouderlinge en diakens.

A.C. Barnard

H.J.C. Pieterse, *Verwoording en prediking*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 263 pp. Prys R19,50.

Volgens die voorwoord volg hierdie publikasie op die skrywer se proefskrif, *Skrifverstaan en prediking*. 'n Derde publikasie is in die pylyn. Volgens die skrywer self, onderskei hy in die wetenskaplike bestudering van die proses "prediking" drie fases, te wete: "die proses waarin die teks vir vandag verstaan word; die verwoording van die boodskap en die oordrag daarvan; en die hoor, vertolking en uitvoering daarvan deur die gemeente". Die laaste fase word nog nagevors en *Verwoording en prediking* is die navorsingsresultate rakende fase 2.

Die inhoud van die boek word onder 4 hoofstukke verdeel, te wete:

1. Teorie van die prediking
2. Preekstyle in die praktyk (resultate van empiriese navorsing)
3. Prediking as kommunikasie
4. Preekvorme.

Formele opmerkings

Die boek verskyn met 'n hardebandslag en maak 'n netjiese en goedversorgde indruk. Die taalversorging is keurig. Druk of spelfoute is 'n absolute minimum. Die boek hanteer en lees lekker.

Enige verwysing na persoonlike besonderhede van die skrywer ontbreek. Dit is 'n redelik algemene tekort by Afrikaanse publikasies. Dit is lekker om op die buiteblad agter of binne, iets van die skrywer en sy vorige publikasies te lees.

Inhoudelik

Professor Pieterse is sonder twyfel baie goed ingegrawe in die literatuur met betrekking tot die Homiletiek. Die talle verwysings in die boek en die alfabetiese (volgens skrywers) literatuurlys getuig hiervan. Tog slaag die skrywer daarin om die tema onder bespreking so te verwoord dat dit maklik lees en ook vir nie-homilete toeganklik is.

Die gedagtegang word logies ontwikkel en die boek behoort hom in hierdie opsig goed te leen as handboek vir teologie-studente. Die saak waarom dit in die publikasie gaan is van die allergrootste belang. Die skrywer verdien dank en waardering vir hierdie deeglike stuk navorsing en die ter boekstelling daarvan. Die verantwoorde empiriese navorsing ver-ryk die publikasie en die tendense wat hieruit aanduibaar is, is vir die homiletiek as weten-skap en die prediking as bedieningsmodus van groot belang.

Daar is baie in die boek om te waardeer. Die teologiese vertrekpunt (in aansluiting by *Skrifverstaan en prediking*) is verantwoord en die leser met Gereformeerde verwysingsraamwerk vind hom maklik daarin tuis. Die skrywer sien sy eie grondlyne as "die korrelasie tussen Woord en werklikheid en tussen Woord en geloof". Daar sal seker diegene wees wat voel dat die empirie 'n te groot rol in die benadering van die skrywer speel. Wie egter die boek heel en as geheel lees, moet erken dat hier 'n eerlike poging is om Woord en werklikheid in dinamiese verband tot mekaar vas te hou. Vandaar bv. die keuse vir 'n term soos "Aktueel georiënteerde" prediking waar Skrif en situasie in balans verdiskonteer word. (Die empiriese navorsing oor hoe preke in hierdie opsig vaar is baie insig-gewend). Die skrywer werk verder op verantwoordelike wyse aan 'n soepel standpunt t.o.v. die keuse van preekvorme. Hierdie laaste hoofstuk sluit goed aan by die belangrike stof oor kommunikasie. Ten opsigte van die spreekvorme word nie noodwendig baie nuwe stof gegee nie, maar die ordening is sinvol. Die voorbeelde van verskillende preke in bepaalde vorme is nuttig en illustratief.

In die geheel gesproke is dit 'n boek wat verwelkom word as besondere bydrae in 'n eietydse en eiendommike besinning oor die homiletiek. Die lees van die boek word sterk aanbeveel. Elke prediker behoort baie hulp en leiding hierin te vind. Immers: "Toegerus met wetenskaplike kennis, moet die prediker hom binne die dampkring van die Heilige Gees oefen in die kuns en die gewoone om te preek" (Voorwoord p. 2.).

M. Nel

C. René Padilla, *Mission between the times. Essays on the Kingdom*. Eerdmans, Grand Rapids, Michigan 1985, 200 pp. Prys R30,00.

Hier het ons te doen met 'n inspirerende reeks lesings en opstelle van die bekende Latyns Amerikaanse teoloog C. René Padilla. Die opstelle is geskryf tussen 1974 en 1984 en handel dus oor kontemporêre probleme en vraagstukke in die Sendingwetenskap. Die goue draad wat deur almal loop is die realiteit van die Koninkryk van God wat ingebreek het in hierdie gebroke en sondige wêreld en wat steeds kom omdat God sy kerk op aarde as draer van die Evangelie gebruik. Die opstelle was reeds vroeër in tydskrifte gepubliseer maar dit is beslis gerieflik en van groot teologiese belang dat hulle nou in een bundel verskyn het.

Die grootste betekenis van die boek is die pragtige balans wat die skrywer handhaaf tussen 'n eng piëtistiese evangeliese standpunt aan die een kant en 'n verhorisontalisering en verideologisering van die evangelie aan die ander kant. Deurgaans word uitgegaan van die standpunt dat sending omvattende Koninkrykswerk is wat bedryf word deur die hele kerk en gerig is op die totale mens in al sy behoeftes en op die totale wêreld. Met hierdie benadering kan 'n mens jou vanuit 'n Gereformeerde teologiese posisie volledig

vereenselwig. Die skrywer lewer 'n enorme bydrae om die verhoudinge tussen woord en daad, verkondiging en sosiale betrokkenheid, kerk en wêreld, kerk en koninkryk, ens in die regte perspektief te stel.

Die tweede groot waarde van die boek is geleë in die Skriftuurlike fundering wat die skrywer telkens vir sy standpunte soek. In die boek word die Bybel telkens as primêre bron gebruik en daar word op 'n baie verantwoordelike wyse met Skrifgegewens omgegaan. Die skrywer se bevindings en evaluerings is telkens gegrond op wat hy vind wat die Skrif oor 'n bepaalde saak sê.

Verder is die boek hoofsaaklik die neerslag van selfstandige denke van Padilla. Hy vermeld wel standpunte van ander teoloë maar kom telkens tot 'n eie selfstandige standpuntinname wat telkens verras, nie omdat dit altyd so nuut is nie, maar omdat dit so 'n mooi Skriftuurlike balans behou en 'n duidelike rigting aanwys. Die eerste twee artikels handel oor "Evangelism and the world" en is aangebied as materiaal vir bespreking by die Lausanne Konferensie van Evangeliese Kerke in 1974. Hy roep steeds daartoe op dat die wêreld wat in sonde verval het, gekonfronteer moet word met die omvattende evangelie van Christus. Hy beklemtoon bekering en wys op die gevare van 'n *sekulêre Christendom* sowel as 'n *kulturele Christendom*.

In 'n artikel met die titel "Spiritual conflict" word uitvoerig gehandel oor die verhouding tussen kerk en wêreld. Verwêreldliking en wêreldvreemdheid van die kerk word albei afgewys en die blye boodskap wat aan die wêreld verkondig moet word, word duidelik omskryf as 'n christologiese, eskatologiese en soteriologiese boodskap.

In "The contextualization of the gospel" word die aktuele vraag van die verhouding tussen evangelie en kultuur bespreek. Hy gee veral aandag aan die konteks van Suid-Amerika en trek riglyne vir 'n kontekstuele evangeliese teologie.

Die artikel oor "The fullness of mission" gee 'n mooi gebalanseerde uiteensetting van die omvattende sendingtaak wat *kerugma*, *diakonia* en *koinonia* insluit.

In 'n verdere artikel word die "homogeneous unit principle" van Donald McGavran en die "Church growth" skool baie krities bespreek. Hy kritiseer dit omdat dit nie reg laat geskied aan die eenheid van die kerk nie en sien dit selfs as in botsing met die suiwer apostoliese leer.

In sy pleidooi vir 'n "simple lifestyle" word die vraagstuk van rykdom en armoede behandel. Hy trek sterk te velde teen die moderne "consumer society" en beskou die solidariteit met die armes as 'n essensiële merkteken van die Koninkryk.

In die slotartikel word die verhouding tussen Kerk en Koninkryk in die regte perspektief gestel.

Hierdie is in sy geheel 'n stimulerende en lesenswaardige boek wat sterk aanbeveel kan word aan almal wat belangstel in die roeping van die kerk in die gekompliseerde wêreld van ons dag.

D. Crafford

L. Boff, *Ecclesiogenesis. The base communities reinvent the church*, Collins liturgical Publications, Londen 1986, 115 pp. Prys R20,00.

Ons leef in 'n tyd waarin klein christelike gemeenskappe oral in die wêreld soos paddastoele opskiet. 'n Mens kan maar net dink aan die talle huisgemeentes en charismatiese groepies in Amerika, Wes-Europa, Sjina en Suid-Afrika; aan die duisende Onafhanklike Swart Kerkies en ander klein christelike gemeenskappe in Afrika en aan die duisende basisgemeenskappe in Suid-Amerika waaroor dit in bogenoemde boek gaan.

Hierdie beweging het nou wêreldwyd so 'n omvang aangeneem dat ons kan praat

van die grootste renaissance in die lewe van die Christelike kerk sedert die reformatie. Dit kom voor onder feitlik alle kerklike tradisies en is vinnig besig om te ontwikkel in 'n nuwe bestaansvorm van die kerk. Die beweging sal geen kerk onaangeraak laat nie. Trouens, dit is nou reeds die ervaring van meeste gemeentes in ons land dat klein charismatiese groepies oral binne gemeentegrense begin funksioneer. Om die verskynsel te evalueer, is dit nodig om 'n studie te maak van die hele beweging wat 'n wêreldwye verskynsel is.

Leonardo Boff, die bekende maar omstrede bevrydingsteoloog uit Suid-Amerika bewys ons dus 'n groot guns met die omvattende beskrywing van die basisgemeenskappe wat soos paddastoel in Latyns-Amerika en veral Brasilië opgeskiet het. Hy noem sy boek *Ecclesiogenesis*: die geboorte van 'n nuwe ekklesiologie. Dit is waarskynlik 'n profetiese titel as aanduiding van wat wêreldwyd besig is om te gebeur met die kerk.

Die "Basic Christian Communities" (BCC) het in die vyftigerjare in Brasilië ontstaan as gevolg van 'n tekort aan priesters om die gewone Rooms-Katolieke parogie te bedien. Klein groepies Christene is bymekaar gemaak in die verarmde platteland en in stedelike agterbuurtes en is deur ongeordende plaaslike leiers bedien. In Brasilië is daar tans meer as 100 000 sulke gemeenskappe en in die hele Latyns-Amerika meer as 180 000. Die gemeenskappe sluit aan by die Suid-Amerikaanse bevrydingsteologie en is sterk gerig op die bevryding van armes en onderdrukte deur deelname aan sosiale en politieke programme.

Boff oordeel baie positief oor die bestaan van dié gemeenskappe en sien dit as die mees geskikte bestaansvorm van die kerk. Hy stel dit duidelik dat die gemeenskappe nie die kerk moet vervang nie, maar juis moet herstruktureer sodat gewone lidmate 'n leidende rol in die aktiwiteite van die gemeente kan speel. Hy beskryf hoe die gemeenskappe funksioneer en hoe woord en sakramente bedien word en hoe lidmate georganiseer word tot sosiale betrokkenheid.

Dit is duidelik dat die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Amerika 'n radikale vernouing ondergaan het in sy bedieningstrukture as gevolg van die bestaan van die groot getal basisgemeenskappe al stem almal dan ook nie saam met die teologie en politieke aksies van baie van die gemeenskappe nie.

Boff doen moeite om na te gaan of die historiese Jesus 'n spesifieke institusionele vorm van die Kerk gewil het. Sy bevinding is in elk geval dat die bestaansvorm van kleiner gemeenskappe in die kerk nie uitgesluit is nie. Volgens hom het Jesus eerder die perspektief van die Koninkryk as die Kerk in sy prediking beklemtoon.

Verder het hy ook 'n interessante bespreking oor die vraag of 'n leke koördineerder van 'n basisgroep die nagmaal kan bedien en of vroue toegelaat mag word tot die priesterskap.

Dit is dus duidelik dat hierdie boek nie net van belang is vir die Suid-Amerikaanse situasie nie, maar dat hier gebeure en vrae aangesny word wat vir die kerk universeel en by name ook vir die kerk in Suid-Afrika van groot belang is.

D. Crafford

D. Guelpa, *Ons kan nie meer stilbly nie*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 60 pp. Prys R5,95.

Hierdie publikasie is die eerste deel van 'n Bybelstudiehandleiding oor Handelinge en sluit met Petrus as hooffiguur hoofstukke 1—12 in. Temas wat aangesny word, is bv: Ons kan nie meer stilbly nie (4:1—31); die getuienis kring uit (8:1—25); die kerk van Jesus Christus op mars (11:19—30). Die bedoeling van die handleiding is hulp by Bybelstudie — persoonlik en in groepe. Onder leiding van iemand wat voorbereid is, word vrae bespreek en is daar ruimte in die publikasie vir die invul van antwoorde. Dit is dus tegelyk ook 'n nuttige

werkboekie. Die vrae is oorwegend goed gestel en dwing die gebruiker om direk met die Skrif self om te gaan vir die korrekte antwoord. Volgens die skrywer self is "die besprekingsvrae en die toepassingsgedeelte bedoel om die verlossingswaarhede van Handelingte deel te laat word van jou praktiese daaglikse lewe" (p. 21).

Uit die aard van die boek is dit moeilik om inhoudelik kritiek te lewer. Die vrae moet immers beantwoord word en die antwoorde beoordeel word. Juis daarom is goeie leiding nodig wanneer so 'n gids vir groepe benut word. Hier is egter 'n uiters verantwoordelike poging om Bybellesers te help om langs die weg van sinvolle vrae die korrekte antwoorde uit die Skrif self te ontdek.

Mag menige Bybelleser hierdeur die Woord en die handelingte van God beter leer ken en verstaan.

M. Nel